Wat is my roeping?
14 April 2024
Ds. Ian Dubery

Ian.Dubery@moreleta.co.za

Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Gee minstens 2 persone kans om te bid.
1. Is daar iets die week wat gebeur het waarvoor jy dankbaar is?
2. Watter uitdagings het jy hierdie week gehad?
3. Wat het vir jou in die preek uitgestaan die naweek?

Indien die Here laas week met jou gepraat het oor iets wat jy moes gaan doen, deel dit met die kring.
Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.
Ons voel dikwels onvoorbereid of onbekwaam wanneer ons as lidmate opgeroep word om betrokke te raak. As geloofsfamilie is ons veronderstel om as een liggaam te funksioneer en mekaar te ondersteun, bemagtig en toe te rus vir die bediening in God se koninkryk.
Die Heilige Gees het die vermoë om ons op enige oomblik/tyd/omstandigheid te vul met bv 'n woord van wysheid, wat ons laat terugkyk en laat besef hier het iets bo-natuurliks plaasgevind. Dit is 'n baie lekker gevoel om te ervaar hoe die Here se krag (en nie ons eie krag) sigbaar word deur gehoorsaamheid.
Dit los ons met die vraag "Wat is my roeping" binne hierdie agtergrond en as deel van die Liggaam van Christus (die Kerk)?

Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **Efesiërs 4:11-16, Handelinge 20:33-35, Lukas 12:11-12**

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1**. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?**
(Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?
(Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Wat is my roeping?
14 April 2024
Ds. Ian Dubery

Gesels saam

1. Dink jy lidmate het 'n verantwoordelikheid om diensbaar te wees binne die Here se koninkryk en motiveer jou antwoord.
2. In watter mate kan julle as kring gehoorsaam wees aan die "wyer" deel van Moreleta Kerk se visie?
3. Deel met mekaar oomblikke waar die Heilige Gees jou op die ingewing van oomblik bemagtig het om iets te doen wat jy voel dalk buite jou aard was en wat was die gevolg daarvan?
4. Hoe belangrik dink jy is die 5-voudige bediening vir Moreleta Kerk?

Doen saam

Gehoorsaamheid - 20min

Nadat julle die teksgedeeltes bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen?

Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor van inligting na. gehoorsaamheid: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeeltes?
Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeeltes? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou?
Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n **I will statement** vir die week en deel dit met die groep. 'n **I will statement** is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

Reageer op die roeping wat die Here op jou as individu, maar ook op julle as kring se hart druk. Hoe kan julle as deel van liggaam diensbaar wees vir Hom en mekaar help om gehoorsaam te wees hieraan, ten spyte van gevoelens van tekortkomings of watter ander verskonings mens ookal kan uitdink?

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)
- Besluit om as groep die Donderdag aande Kampus gebedsgeleentheid 18:00 in Revive Restaurant by te woon.

I Will Statement:

_____

_____

_____

Bid saam

Bid saam as 'n groep.
Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid dat meer mense hul roeping binne n geloofsfamilie sal begin uitleef. *Bid vir bereidwillige harte en voete om binne en buite Moreleta Kerk n verskil te maak. *Bid vir Moreleta Kerk om goeie rentmeesterskap toe te pas met dit waarmee die Here ons toevertrou en geroep het. *Bid die Here se seën af oor ons gemeente, ons omgewing en ons land.

Neem tot 15 minute vir gebed. Ons bid vir die mekaar oor ons I will statements – dat die Here elkeen sal help met wat hulle beleef die Here sê hulle moet doen.
Hier bid ons ook vir mekaar se behoeftes:

_____

_____